PERSVERKLARING

ZUMA SLEEP TAALVOETE

President Jacob Zuma het tot op datum hiervan versuim om die Talewet oftewel die Gebruik van Amptelike Talewet, 12 van 2012, se inwerkingtredingsdatum te proklameer. Hy het reeds op 1 Oktober 2012 die konsepwet onderteken om ’n wet te word en dit is op 2 Oktober 2012 in die Staatskoerant gepubliseer. Hy en Minister Paul Mashatile, dit is my afleiding, is moontlik kop in een mus om die bevordering van die elf Amptelike Tale op die Nasionale Regeringsvlak, wat hierdie wetgewing reël, te ondermyn.

Die ander moontlikheid is dat meneer Paul Mashatile, wat President Jacob Zuma se opponent in Mangaung ondersteun het, hom hierdeur wil ondermyn deur President Jacob Zuma nie van ’n voorbereide proklamasie, soos ek die proses verstaan, te voorsien nie.

Minister Paul Mashatile is reeds sedert 16 September 2012 in minagting van die Hoë Hof-bevel van 16 Maart 2010 wat ek teen hom verkry het. Op 14 Maart 2012 het meneer Paul Mashatile by ooreenkoms ’n ekstra ses maande tot 15 September 2012 verkry om wetgewende en ander maatreëls, wat die gebruik van Amptelike Tale deur die Nasionale Regering moet reël en monitor, te finaliseer.

Hoewel ek die President in my oorspronklike aansoek as party tot die aansoek gevoeg het, het die hof beslis dat die Minister van Kuns en Kultuur die aangewese persoon is om die grondwetlike verpligting van subartikel 6(4) te finaliseer of toe te sien dat dit gefinaliseer word. Meneer Paul Mashatile sal seker nou beweer dat hy geen bevoegdheid oor die President het nie en agter hierdie tegnisiteit wil skuil, maar hy behoort die hofuitspraak weer te gaan lees.

Hy het egter ’n keuse gehad om die Talewet so voor te berei dat dit by publikasie in die Staatskoerant in werking kon tree, maar het eerder verkies om kragtens Artikel 14 van die GATW voor te skryf dat die President ’n datum vir inwerkingtreding moet proklameer.

Die gevolg van hierdie Zuma-versuim is dat die taalbeleide, wat die verskillende departemente binne agtien maande vanaf datum van inwerkingtreding van die Talewet moet finaliseer, nou reeds ’n ekstra vier maande vertraag is. As hoof van die Nasionale Regering is President Jacob Zuma dus in minagting van die Grondwet se gebiedende voorskrif in subartikel 6(4). Hierdie sleepvoet-benadering teenoor die voorskrifte van die Grondwet versterk die persepsie van ’n ware pantoffelregering.

Die President se kantoor is tot 1 Februarie 2013 gegun om die wet se inwerkingtreding te proklameer en by gebreke waarvan ek ’n aansoek in die Hoë Hof sal loods om hom te verplig. ’n Hofaansoek teen die Minister van Kuns en Kultuur weens minagting as gevolg van gebreke in die GATW met ’n versoek dat dit na die parlement terug verwys word vir regstelling, word eersdaags in alle geval deur my in die Hoë Hof uitgereik.

UITGEREIK DEUR: CERNEELS LOURENS (TAALREG-AKTIVIS)